
# Grondbesetting en grondbesit op Bethelsdorp, 1828-1945*


**A. Appel**

*Departement Geskiedenis*
*Universiteit van Port Elizabeth*


DIT is tans duidelik dat die toekenning van politieke en juridiese gelykberegtiging aan die Khoikhoi kragtens Ordonnansie 50 van 1828 nie al hul sosiaal-ekonomiese probleme opgelos het nie.[1] Ten opsigte van een aspek daarvan, te wete grondbesit, het die nuwe vryheid geensins hulle proletarisering òf vertraag òf voorkom nie.[2] Dit het inderdaad ook vir Bethelsdorp gegeld. Totaal ander omstandighede was nodig voordat die inwoners van hierdie oudste sendingstasie van die Londense Sendinggenootskap (LSG) in die Kaapkolonie (soos ook dié van die ander LSG-stasies) wetlike grondbesitters met die gepaardgaande regte kon word.




## TRADISIONELE BESETTING VAN GROND

Alhoewel die 5,75 ha wat die Bethelsdorpse sendingstasie sedert 1803 benut het gedurende 1813 opgemeet is,[3] is geen formele grondbrief opgestel en uitgereik nie. Slegs vir 'n bykomstige 1,69 ha wat gedurende 1825 toegeken is, het 'n dokument bestaan.[4] Die owerheid het egter eers gedurende die 1860's van hierdie situasie bewus geword toe die uitreiking van grond vir private besit aan onder andere die inwoners van Bethelsdorp en Dysselsdorp (oos van Oudtshoorn) ter sprake gekom het.[5]

Dit het daartoe gelei dat veral die aard van informele grondbesetting deeglik ondersoek is.[6] Daar is duidelik bepaal dat afgesien van Hankey en Kruisfontein (noord van die huidige Humansdorp), die grond op sendingstasies van die LSG in trust aan die Genootskap vir inwoners se gebruik toegestaan is.[7] By W. Thompson, die LSG-agent in Suid-Afrika sedert 1850, was in 1872 dan ook geen twyfel nie dat die grond van sy Genootskap se sendingstasies deur die betrokke sendelinge in trust vir die inwoners gehou is. Volgens J. Mullens, buitelandse sekretaris van die LSG, was die grond in 'n sekere sin dus nog steeds die eiendom van die Kaapse regering.[8] Gevolglik was die inwoners van hierdie sendingstasies niks meer as "tenants on sufferance" nie, 'n standpunt wat reeds in 1858 deur 'n gekose komitee van die Kaapse parlement gehuldig is.[9]

Die losse grondslag waarop hulle die grond beset het, het Bethelsdorpers nie daarvan weerhou om dit te benut nie omdat hulle wel die vruggebruik daarvan géniet het. Met die koloniale sensus van 1865 het hulle feitlik 'n kwart van die totale koringoes en 54% van die wolskeersel in die Port Elizabethse magistraatsdistrik gelewer.[10] Aan die ander kant het die onsekerheid oor hul wetlike posisie met betrekking tot die grond soms konfliksituasies geskep. So byvoorbeeld was die kroeg (die eiendom van 'n Blanke) by die uitspanplek op die pad tussen Port Elizabeth en Uitenhage in die vroeë 1860's 'n bron van ergernis vir die sendingstasie. Hierdie terrein is deur die Bethelsdorpers as 'n deel van hulle nedersetting beskou; daarby was drankverkope verbode op sendingstasies van die LSG. Omdat hulle egter oor geen formele grondbrief beskik het nie, kon geen stappe teen die onderneming gedoen word nie.[11]

Toegang tot hierdie informele grondbesetting het volkome berus by die betrokke sendeling wat alle toelating of uitsetting gereël het.[12] Alhoewel Joseph Kitchingman in 1848 en


*Finansiële ondersteuning deur die RGN van die navorsing waarop hierdie artikel berus, word hiermee erken.


[1] Vir 'n bespreking van die probleme rakende die toepassing van die Ordonnansie kyk L.C. DULY, A revisit with the Cape's Hottentot Ordinance of 1828, in M. Kooy (red.), *Studies in economics and economic history* (Londen, 1972), pp.29-34.

[2] B.A. LE CORDEUR en C.C. SAUNDERS (reds.), *The Kitchingman Papers: Missionary letters and journals, 1817 to 1848* (Brenthurst Series 2, Johannesburg, 1976), p.28.

[3] A.J.F. MEIJERS, *Die geskiedenis van Bethelsdorp tot 1830* (M.A., UPE, 1972), p.127.

[4] Kaapse Argiefbewaarplek, Kaapstad (KAB), Afdelingsraad Port Elizabeth (4/PEZ) 2/1/1 Inkomende briewe : J.C. Chase — Surveyor General, 8.3.1861 (afskrif).

[5] Vergelyk die andersoortige posisie van die Katriviernedersetting en Hankey. In albei gevalle het formele grondbesit sedert stigting bestaan, dog weens burokratiese optrede en vertraging het slegs 'n klein aantal Katrivierinwoners ooit hul grondbriewe ontvang. Kyk T. KIRK, The Cape economy and the expropriation of the Kat River Settlement, 1846-1853, in S. MARKS en A. ATMORE (reds.), *Economy and society in pre-industrial South Africa* (Londen, 1980), pp.236-246. Vir Hankey kyk W.D. COETZEE, *The early history of Hankey, 1822-1847* (M.A., UP, 1985), p.31.

[6] A.38-1871 CAPE OF GOOD HOPE, *Message form His Excellency the Governor to the House of Assembly relative to certain missionary institutions;* A.4-1872 *Select Committee on Missionary Institutions Bill.*

[7] COETZEE, *Early history of Hankey*, p.34.

[8] A.38-1871: J. Mullens — Secretary of State for the Colonies, 4.9.1869, p.5.

[9] A.17-1858 CAPE OF GOOD HOPE, *Report of the Select Committee on the subject of missionary institutions*, p.1.

[10] G.20-1866 CAPE OF GOOD HOPE, *Census of the Colony..., 1865*, pp.224 en 227.

[11] KAB, Microfilms of documents of the London Missionary Society (ZL) 1/3/25 Letters received from South Africa, Box 32, Folder 5, Jacket D: W. Thompson — A. Tidman, 20.9.1862.

[12] A.38-1871: J. Mullens — Secretary of State for the Colonies, 4.9.1869, p.3.



*Bethelsdorp gedurende die 1820's.*
FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD

Thomas Merrington in 1866 gekla het oor hulle verminderde gesag oor die Bethelsdorpers, het hulle waarskynlik nòg teoreties nòg in die praktyk veel van dié tradisionele outoriteit prysgegee.[13]

## PRIVATE GRONDBESIT

Teen hierdie agtergrond het sedert 1848 'n openbare debat rondom voorgestelde veranderinge op die LSG se Kaapse sendingstasies ontstaan.[14] Sendelinge soos W. Elliott, Robert Moffat, David Livingstone en George Barker het aangevoer dat private grondbesit 'n noodsaaklike aanmoediging vir verdere beskawingsvooruitgang by die Khoikhoi was. So 'n standpunt het juis saamgeval met 'n finansieel moeilike tydperk in die bestaan van die LSG. Talle ondersteuners van laasgenoemde in Brittanje was van mening dat die Kaapse sendingstasies ná feitlik 'n halfeeu finansiële selfstandigheid behoort te aanvaar. Ook die LSG-direksie het hulle in daardie stadium sterk begin uitspreek ten gunste van onttrekking aan die Kaapkolonie. Gevolglik het sommige sendingstasies mettertyd inderdaad die verantwoordelikheid vir finansiële selfvoorsiening op hulle geneem.[15]

Hierdie verwikkelinge het gedurende die tweede helfte van die 1850's ook in sommige koloniale kringe ondersteuning gevind toe die moontlikheid en wenslikheid van die instelling van private grondbesit op die sendingstasies die eerste keer ondersoek is. In 1854, 1856 en 1858 het drie gekose parlementêre komitees daaraan aandag bestee. Die 1858-komitee het onder meer kritiek gelewer op die teenstrydigheid dat die Khoikhoi (Kaapse Kleurlinge) wel juridies en konstitusioneel as mondig beskou is, maar in sekere sosiaal-ekonomiese opsigte nog in afhanklikheid en onsekerheid verkeer het. Die bestaande onderskeidings tussen die inwoners van die sendingstasies en die res van die koloniste kon uitgeskakel word deur eersgenoemdes te omvorm van "tenants on sufferance" na "actual owners" van die grond wat hulle bewoon het.[16] Hiervan het voorlopig egter niks tereggekom nie.

Teen die laat-1860's en begin van die 1870's het die beweging ten gunste van die skepping van private grondbesit op die LSG se sendingstasies groot stukrag gekry en uiteindelik neerslag in wetgewing gevind. Een van die mees direkte oorsake hiervan was die besoek gedurende 1868 van 'n kommissie van die Genootskap aan hulle koloniale sendingstasies om die beoogde instelling van grondbesit te verduidelik en die inwoners se reaksie daarop te bepaal. Hulle verslag, gedateer 24 Desember 1868, aan goewerneur P. Wodehouse[17] is deur die Kaapse parlement oorweeg en het die indiening van 'n wetsontwerp (Missionary Institutions Bill) in Mei 1872 tot gevolg gehad. Laasgenoemde is na 'n gekose komitee verwys wat in dieselfde jaar 'n verslag[18] daaroor uitgebring het. Op sy beurt het dit die grondslag gevorm van die London Missionary Society's Institutions Act (Wet 12 van 1873) wat daarna van krag geword het. Dit het voorsiening gemaak vir die kostelose opmeet van die grond en uitreiking van individuele grondbriewe aan die regmatige eienaars in Bethelsdorp, Dysselsdorp, Pacaltsdorp (naby George) en Zuurbraak (naby Swellendam). Voorts is die goewerneur gemagtig om bestuursregulasies vir elke inrigting uit te vaardig.

Die houding van die Bethelsdorp-gemeenskap teenoor beoogde private grondbesit is insiggewend. Tydens die genoemde LSG-kommissie se besoek aan die sendingstasie in Oktober 1868 hét die inwoners, op drie uitsonderings na, die skema beslis maar hoflik verwerp.[19] Die redes daarvoor was oënskynlik ekonomies van aard. As gevolg van veral ongunstige topografiese omstandighede was die moontlikhede vir landbou uiters beperk. Gevolglik is die waarde van 'n

[13] A. APPEL, Bethelsdorp: Van politieke simbool tot alledaagse werklikheid, *Suid-Afrikaanse historiese joernaal* 16, November 1986, pp.165-167.

[14] R. LOVETT, *The history of the London Missionary Society, 1795-1895 I* (Londen, 1899), veral hoofstuk 21. In *De Zuid-Afrikaan*, 28.9.1848 (hoofartikelkolom) is 'n uittreksel uit W. Elliott se bekende en omstrede brief oor hierdie kwessie wat oorspronklik gedurende Junie 1848 in die *Evangelical Christendom* gepubliseer is.

[15] D.R. BRIGGS en J. WING, *The harvest and the hope: the story of Congregationalism in Southern Africa* (Johannesburg, 1970), pp.104-105. Die datum (1880) ten opsigte van Bethelsdorp is nie korrek nie.

[16] CAPE OF GOOD HOPE, *Report of the Select Committee on granting lands in freehold to Hottentots, 1854*; S.C.13-1856 *Minutes of evidence taken before the Select Committee on granting lands in freehold to Hottentots*; A.17-1858, veral p.1.

[17] Opgeneem in A.38-1871, pp.5-11.

[18] Kyk A.4-1872.

[19] A.38-1871, p.6; vergelyk ook A.4-1872, bylae D: Philpott — Colonial Secretary, 19.11.1868. In hierdie opsig begaan Richard Lovett (*History LMS*, p.577) 'n vergissing as hy beweer dat die inwoners van al die sendingstasies die voorgestelde nuwe bedeling met 'n groot meerderheid aanvaar het. Klaarblyklik het Briggs en Wing (*Harvest and hope*, p.105) Lovett hierin nageskryf.



*'n Moderne blik op Bethelsdorp. In die agtergrond is die kloof waar die inwoners destyds tuine gehad het.*

FOTO: H.O. TERBLANCHE

erf feitlik uitsluitend bereken in terme van daardie regte wat gemeenskaplik besit sou kon word, naamlik weiding, bewerking van die soutpan, die tap van aalwynsap en die kap van brandhout. Daarom het die inwoners die voorwaardes duidelik geformuleer waaronder hulle bereid sou wees om die nuwe opset te aanvaar.[20] Heel waarskynlik het die wet van 1873 hulle in so 'n mate tevrede gestel dat geen verdere weerstand teen die inwerkingstelling daarvan gebied is nie.

Die toepassing van die wet ten opsigte van Bethelsdorp was 'n tydsame, burokratiese proses wat van Januarie 1875 tot September 1879 voortgesleep het. Nadat landmeter D. McDonald teen die einde van 1876 die opmeting afgehandel en gekarteer het,[21] is die lys van geïdentifiseerde aanspraakmakers op erwe in Julie 1878 gepubliseer.[22] Die eerste grondbriewe is egter eers gedurende September 1879 uitgereik.[23]

Artikel 1 van die 1873-wet het uitdruklike riglyne bevat waarvolgens die eertydse grondbesetters tot grondbesitters omvorm is:

> [the land-surveyors] shall divide the said tracts of land in such a manner as to allot to the respective occupiers thereof such portions of land as they shall at the time of such survey be entitled to occupy under and by virtue of the customs in force in such institutions respectively...

Die reeds genoemde kostelose opmeting en oordrag van die grond het dus meegebring dat geld geen faktor was nie. Die tradisionele okkupasie en benutting van die onderskeie erwe en tuingrond is blootweg by wyse van formele grensbepalinge gereël. Voorts is dit duidelik dat die inwonende sendeling, eerw. T. Merrington (1852-1879), soms 'n diskriminerende rol gespeel het deur inwoners wat hulle byvoorbeeld aan dronkenskap skuldig gemaak het, as potensiële aanspraakmakers op grondbesit te diskwalifiseer.[24]

Landmeter McDonald se opmeting het vir twee soorte eiendomme voorsiening gemaak. Op die oorspronklike plek van die sendingstasie is 96 dorpserwe van wisselende grootte uitgemeet, met 'n verdere negentien by Kleinskool langs die Klein-Swartkopsrivier. Sowel dáár as oos van die soutpan is ook 165 tuinerwe opgemeet. Hierdie bewerkte lande langs die riviertjie is reeds in 1813 deur landmeter J. Knobel tydens sy opmeting van die Bethelsdorpse terrein aangeteken.[25] Dit is duidelik dat McDonald se opmeting eintlik net amptelike beslag aan die tradisionele besettings- en benuttingspatroon van die Bethelsdorpers gegee het. Mettertyd het residensiële vestiging in die dorpies Bethelsdorp (die oorspronklike sendingstasie), Kleinskool, Veeplaas (laer af langs die Klein-Swartkopsrivier) en Missionvale (langs die soutpan) plaasgevind.

Soos in Dysselsdorp, Pacaltsdorp en Zuurbraak het die grondbesittende Bethelsdorpers dus bepaalde regte en voorregte verkry.[26] Dit het ingesluit bestuursregte ten opsigte van die nuut-geskepte sekulêre dorpsbestuur, asook ekonomiese voorregte wat hoofsaaklik betrekking gehad het op die weidingsregte wat aan 'n erf gekoppel is. Daarbenewens het elke erfeienaar of -huurder 'n aandeel bekom in die bewerking van die soutpan, terwyl hout op die meent gekap en aalwynsap ingesamel kon word. Ten opsigte van hierdie vergunnings het die instelling van private grondbesit in der waarheid slegs lank bestaande ekonomiese praktyke geformaliseer.

Beheer oor grond as produksiemiddel was egter nie tot die besitters of huurders van die opgemete erwe beperk nie. Gedurende Merrington se dienstermyn is die sogenaamde 'slootlande', ook langs die Klein-Swartkopsrivier, vir akkerboudoeleindes aangelê en vir bewerking aan erfeienaars toegeken. Aangesien dit deel van die meent gevorm het, was die lande kragtens die 1873-wet van opmeting uitgesluit. Hierdie variasie van grondbesetting is oënskynlik algaande tot nie-erfeienaars uitgebrei. Aan die begin van die 1920's was die enigste kwalifikasie dat 'n aansoeker om grond in

[20] Kyk byvoorbeeld A.38-1871, pp.6-7 en A.4-1872, bylae D.

[21] Kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad: "Plan 2635JJ" en "General Plan 1860 II", albei d.d. Oktober 1876 (afskrifte).

[22] *Cape of Good Hope Government Gazette*, 16.7.1878 (kennisgewing 582, d.d. 10.7.1878).

[23] KAB, Surveyor General (SG) 1/1/1/55 Letters received from Civil Commissioners: A. Wylde — Surveyor General, 13.9.1879.

[24] Vir besonderhede oor sy aansoeke gedurende 1878-1880 ten behoewe van 'n bykomstige sestien aanspraakmakers wat aanvanklik gediskwalifiseer is, kyk A. APPEL, *Grondbesetting en grondbesit in Bethelsdorp, 1828-1945* (ongepubliseerde referaat gelewer by die vierde tweejaarlikse konferensie van die Ekonomiese Geskiedenisvereniging van Suider-Afrika, Universiteit van Rhodes, Grahamstad, 30 Junie-3 Julie 1986), p.11.

[25] MEIJERS, *Geskiedenis van Bethelsdorp*, p.127.

[26] *Cape of Good Hope Government Gazette*, 21.5.1878 (kennisgewing 410, d.d. 16.5.1878: "General rules and regulations...for the management of the Bethelsdorp Institution...").

die 'sloot' ook 'n inwoner van die nedersetting moes wees.[27]

Die voordele van private grondbesit het, ten spyte van die aanvanklike afwysing daarvan, mettertyd tot die Bethelsdorpers deurgedring. Terwyl aan die einde van 1881 slegs 68% (190) van die 280 erwe opgeëis was, was 87% (259) van die 299 grondbriewe twaalf jaar later reeds uitgereik.[28]

## INFORMELE GRONDBESETTING

Teen die 1890's het 'n skerp en voortgesette bevolkingstoename in die Bethelsdorp-nedersetting begin. Teenoor 'n aangetekende inwonertal van 333 in 1891 het dit in 1904 tot 961 en in 1921 tot 1 370 aangegroei — 'n toename van 311% in 30 jaar. Met die sensus van 1946 was die bevolking 6 603.[29] Hierdie snelle bevolkingsgroei het waarskynlik nou saamgehang met die tempo van verstedeliking asook met die natuurlike aanwas in die Port Elizabethse magistraatsdistrik.[30]

Te midde van hierdie bevolkingsinvloei is voor 1934 egter geen nuwe erwe in Bethelsdorp beskikbaar gestel nie. Dit is gevolglik verstaanbaar dat die druk op bestaande woongeriewe skerp toegeneem het. Die beperkte onderverdeling van erwe sedert die tweede dekade van die huidige eeu kon kwalik die situasie verlig, want teen 1941 was slegs 38 nuwe eenhede op hierdie wyse geskep.[31] Die onderverdeling van bestaande erwe om die moontlikhede vir grondbesit te vergroot, het dus klaarblyklik nie in die behoefte voorsien nie.

'n Verdere simptoom van die bevolkingsdruk was die ontstaan van 'n bywonersklas voor die einde van die 19de eeu. Reeds in Maart 1891 is byvoorbeeld na die "erfholder's bywooners" verwys.[32] Inligting oor hierdie geproletariseerde deel van die bevolking is karig, maar aan die begin van die 1910's het 'n duidelike groepsbewussyn al onder hulle geheers. In Mei 1911 het hulle by monde van hul komitee die Raad van Opsieners (die dorpsbestuur gedurende 1879-1922) versoek om aan hulle, "als de Ingezetene zoonen van de Vlek (sic)", erwe uit te reik.[33] Die implisiete aanspraak op die reg tot grondbesit vir alle gebore Bethelsdorpers spreek sterk hieruit en is heel moontlik 'n aanduiding van die positiewe houding teenoor eiendomsreg wat mettertyd ontwikkel het. Alhoewel die begrip 'bywoner' aanvanklik klaarblyklik slegs na die grondlose seuns van erfeienaars verwys, is dit later moontlik as 'n algemene term gebruik. As 'n blote vergunning is diesulkes toegelaat om teen betaling op die meent te bly, terwyl hulle gedurende die jagseisoen van 1914-1915 ook vir jagregte op die meent moes betaal.[34] In September 1922 is dit nog uitdruklik in die Plaaslike Raad (die nuwe dorpsbestuurliggaam sedert Augustus 1922) gestel dat die betaling van meenthuur geen permanente regte meegebring het nie.[35]

Onder hierdie algemene voorwaardes is sedert die 1890's gereeld sulke meentpersele aan grondlose enkelinge uitgereik.[36] Weliswaar het die Raad van Opsieners en sy opvolger, die Plaaslike Raad, nie die hele meent as 'n vanselfsprekende bykomstige residensiële alternatief beskou nie. Telkens moes 'n lid van die betrokke raad geskikte plekke aan die onderskeie aansoekers uitwys.[37] Dit het egter nie beteken dat doelmatige beheer deurgaans oor hierdie informele grondbesetting uitgeoefen is nie — H. Frank het byvoorbeeld in Junie 1932 'n meentperseel teruggegee wat hy nooit beset het nie omdat daar volgens hom ander mense op gewoon het wat beweer het dat dit hulle eiendom was.[38] In 1937 het die Naturellekommissaris van Port Elizabeth met betrekking tot die beoogde verhuring van 51 meentpersele daarop gewys dat die voornemende huurders die persele reeds jare lank beset het. Volgens hom was dit onreëlmatig en kon hy nie vasstel wat die oorsprong daarvan was nie. Die Plaaslike Raad het die amptelike verhuring daarvan blootweg as die formalisering van 'n bestaande situasie beskou.[39]

Terwyl hierdie praktyk vir talle inwoners 'n heenkome gebied het, het dit ongetwyfeld ook onsekerheid en ontwrigting meegebring. Enkele gevalle kan as voorbeeld dien. Met die opmeting van gedeeltes van die meent vir nuwe erwe wat gedurende 1934 verkoop sou word, is talle meentbewoners in 'n krisis gedompel. Diegene wat die betrokke dele van die meent moes ontruim, het geen ander blyplek gehad nie. Sommige het wel hul 'wonings' daar afgebreek, maar die grond nog bly bewoon. Die perseel wat Maria Plaatjes byvoorbeeld teen Augustus 1935 moes ontruim, is nog deur die vroeëre Raad van Opsieners (dus voor Augustus 1922) aan haar toegeken. Aangesien sy alleen en oud was en nie kon werk nie, is 'n alternatiewe perseel kosteloos aan haar toegeken.[40] Ook Martinus Kamfer se meentperseel was deel van die nuut-opgemete erwe sodat hy in 1932 'n ander blyplek by die Plaaslike Raad aangevra het. Sy versoek is toegestaan dog hy wou die versekering hê dat ook sy kinders die erfgename van dié grond moes wees. Vir 'n meenthuurder kon so 'n waarborg egter nie gegee word nie en hy moes uiteindelik genoeë neem met 'n gratis perseel as beloning vir sy opsig oor die Kleinskoolbegraafplaas.[41]

Vir sommige Bethelsdorpers was hierdie tydelike grondbesetting feitlik 'n lewenswyse. Teen 1927 het 29% van alle meentbewoners hul persele reeds vir 'n dekade lank bewoon, terwyl dit tien jaar later 30% was.[42] Aan die ander kant het daar 'n redelik hoë mobiliteit onder hierdie meentbevolking geheers. Hul werklike getalle was ook onbekend aangesien oënskynlik slegs die hoof van 'n huishouding (en nie die bewoners van meentpersele nie) aangedui is. Dit is voorts onbekend hoeveel van hulle alleenlopers was.

Gedurende die vroeë 1940's het die Plaaslike Raad verskeie

[27] KAB, Local Board Bethelsdorp (3/BTP) 2/1/8 Correspondence Files, No. 18/4/11 Sloot Lands: Brink — Provincial Representative, Department of Lands, 22.12.1937, Elias — Brink, 6.1.1938, en Mabin — Provincial Representative, Department of Lands, 10.6.1938; 3/BTP 1/2: Council Minutes, 11.10.1909; 3/BTP 1/1/1: Board Minutes, 26.11.1923.

[28] KAB, SG 1/1/1/55: (Telegram) Civil Commissioner P.E. — Surveyor General, 24.2.1882; G.25-1894 CAPE OF GOOD HOPE, *Report of the Surveyor-General*, p.56.

[29] Kyk die volgende sensusverslae: G.6-1892, G.19-1905, U.G.39-1945 en U.G.51-1949.

[30] A. APPEL, *Bethelsdorp, c.1890-1945: Verstedelikingsverskynsels in 'n periferiegebied* (ongepubliseerde referaat gelewer by die elfde tweejaarlikse konferensie van die Suid-Afrikaanse Historiese Vereniging, Universiteit van Stellenbosch, 20-23 Januarie 1987), pp.2-3.

[31] KAB, 4/PEZ 7/1/1/35: Valuation Roll, 1940-1941.

[32] KAB, Council of Supervisors Bethelsdorp (3/BTP) 1/1: Council Minutes, 23.3.1891.

[33] KAB, 3/BTP 1/2: Council Minutes, 1.5.1911.

[34] KAB, 3/BTP 1/3: Council Minutes, 17.5.1915.

[35] KAB, 3/BTP 1/1/1: Board Minutes, 11.9.1922.

[36] Voorbeelde is opgeneem in KAB, 3/BTP 1/1: Council Minutes, 23.3.1891 asook 3/BTP 1/3: Council Minutes, 6.9.1915, 1.11.1915, 24.1.1916 en 15.5.1916.

[37] Kyk KAB, 3BTP 1/1: Council Minutes, 6.9.1915, 24.1.1916 en 15.5.1916; ook 3/BTP 1/1/1: Board Minutes, 8.10.1923 en 10.12.1923; 3/BTP 1/1/2: Board Minutes, 18.4.1932.

[38] KA, 3/BTP 1/1/2: Board Minutes, 13.6.1932.

[39] KA, 3/BTP 2/1/7 Correspondence Files, No. 18/4/7 Commonage Leases: Additional Native Commissioner P.E. — Magistrate P.E., 14.12.1937.

[40] KA, 3/BTP 1/1/2: Board Minutes, 9.4.1934 en 12.8.1935.

[41] *Ibid.*, 16.5.1932 en 11.7.1932.


[42] Kyk die volgende waardasielyste in die KAB: 4/PEZ 7/1/1/14 (1908-1912), 7/1/1/16 (1917-1927) en 7/1/1/17 (1927); ook 3/BTP 2/1/7 Correspondence Files, No. 18/4/7 Commonage Leases: Acting Provincial Secretary — Secretary Local Board, 15.11.1937, Annexure ("Commonage Plots at Bethelsdorp"); 3/BTP 2/1/1 Correspondence Files, No. 18/1/1 Precedents, Instructions and Regulations: Native Commissioner P.E. — Chief Native Commissioner, 28.10.1942, Annexure.

versoeke tot die Administrateur van Kaapland gerig vir die formele uitreiking van meentpersele. Uit die aangevraagde getalle blyk dit of die druk op die beskikbare grond relatief hoog was. So is in 1940 magtiging gevra vir die skepping van 50 persele in Kleinskool, 75 in Veeplaas en 25 in Missionvale. 'n Jaar later het die versoeke toegeneem tot 100 persele in elk van die vier dorpies. Tot 1945 het egter niks daarvan tereggekom nie, heel waarskynlik in die lig van die omstrede toekomstige beheer oor die hele nedersetting wat destyds geheers het.[43]

## UITBREIDING VAN GRONDBESIT

Aan die einde van die 19de eeu was die moontlikhede vir private grondbesit, soos reeds genoem, tot 299 erwe beperk. Tussen 1904 en 1936 het die aangetekende bevolking van 961 tot 3 841 (dus met 300%) toegeneem.[44] Alhoewel dit onmoontlik is om te bepaal watter deel van die totale bevolking op hierdie erwe gewoon het, kan aanvaar word dat daar mettertyd 'n redelike groot groep 'grondloses' ontstaan het. Die spesifieke omstandighede wat 'n uitbreiding van grondbesit teengewerk of vertraag het, is eweneens nie altyd duidelik nie. Dit kan gedeeltelik toegeskryf word aan Bethelsdorp se posisie as 'n eertydse sendingstasie van die LSG waar laasgenoemde se opvolger in Suid-Afrika, die Congregational Union of South Afrika (CUSA), sedert die 1870's sekere grondaansprake gehad het.

Die enigste beskikbaarstelling van nuwe erwe tussen die oorspronklike opmeting in die 1870's en 1945 het gedurende die jare dertig 'n werklikheid geword. Die kwessie van grondbesit en botsende aansprake deur die LSG en CUSA is finaal gereël deur Wet 34 van 1921, ook bekend as die Bethelsdorp Skikkingswet. Dit het onder meer bepaal dat die 34 erwe by die soutpan, wat reeds in 1876 opgemeet en



*Deel van die soutpan soos dit tans daar uitsien.*

FOTO: H.O. TERBLANCHE

al die jare as kerkeiendom beskou is, aan laasgenoemde liggaam vir verkoping aan slegs Bruin- en Swartmense oorgedra word. Die toepassing van hierdie bepaling het 'n ingewikkelde en uitgerekte proses op tou gesit waarop nie hier ingegaan kan word nie.[45] Die vroeëre onreëlmatige besetting en bewerking van die grond het 'n heropmeting daarvan gedurende 1926 tot gevolg gehad.[46] In die loop van die 1930's is 33 erwe, waarvan een vir kerk- en skooldoeleindes gereserveer is, aan 21 Bruin- en 14 Swartmense verkoop.[47]

Nog moontlikhede waarvolgens private grondbesit in dié tyd uitgebrei kon word, het saamgehang met die Skikkingswet (van 1921); dit het die regering gemagtig om addisionele erwe uit te lê en te verkoop op voorwaarde dat dit slegs deur genoemde twee bevolkingsgroepe besit en bewoon sou word. In Julie 1924 het inwoners die regering dus versoek om kragtens hierdie wet nog erwe uit te lê. Teen September was onderhandelinge daaroor al aan die gang. Dit wil voorkom asof die Plaaslike Raad 'n enigsins idealistiese verwagting gekoester het dat sodanige uitbreiding die probleem van grondeienaarskap sou oplos, want toe is ook besluit om geen verdere meentpersele uit te reik nie.[48] Hierdie indruk word versterk deur die Raad se verkoopsvoorwaardes van die nuwe erwe. Hulle was ten gunste van 'n private verkoping daarvan juis omdat hierdie uitbreiding ten behoewe van die jongmans aangevra is.[49] Dit is feitlik vanselfsprekend dat sommige jongmense wel oor die finansiële vermoë beskik het; tog het die bespreking van die meentperseelkwessie duidelik getoon dat private grondbesit in die Bethelsdorp-nedersetting steeds eksklusief was.

Soos met die soutpanerwe was die voorbereidings vir en finalisering van die erfverkoping 'n tydsame en ingewikkelde administratiewe proses waarop kortliks gelet moet word. Drie nuwe dorpsuitbreidings is naamlik geproklameer, met 60 erwe in Bethelsdorp (die oorspronklike dorpie), 28 in Kleinskool en 37 in Veeplaas.[50] In Februarie 1934 is openbare tenders gevra en die verkoopsvoorwaardes gepubliseer.[51] Soos in die geval met kopers van die soutpanerwe was die beskikbaarheid van kontantgeld of kredietfasiliteite ook vir voornemende grondeienaars in hierdie drie uitbreidings 'n basiese vereiste. 'n Erf kon byvoorbeeld teen 'n minimumprys van net meer as £15 aangekoop word, 'n bedrag wat in die depressiejare en finansieel drukkende tye nie gering was nie. As in aanmerking geneem word dat gedurende die eerste maande van 1934 'n pond (0,454 kg) botter ongeveer 1s.4d., 'n damesrok 12s.6d. en 'n mansbroek 8s.6d. gekos het,[52] was die byeenbring van die koopprys geensins maklik nie. Vergelykenderwys het dit dus ongeveer 24 rokke of 35 broeke beteken. Voorsiening is wel gemaak dat die koopsom in vier gelyke paaiemente binne nege maande na die verkoopdatum betaal kon word. Teen Julie 1934 was die eerste lyste van ontvange tenders opgestel, maar enkele onverkoopte erwe is daarna weer geadverteer. Die finale uitreiking van grondbriewe het nog tot Junie 1936 voorgekom.[53] Beskikbare inligting dui daarop dat 53 van die erwe in Bethelsdorp, 26 in Veeplaas en 25 in Kleinskool aan Bruinmense verkoop is. In laasgenoemde twee uitbreidings gesamentlik is slegs ses woonerwe aan Swartmense toegewys.

Die moontlikhede van grondbesit vir die Bruin en Swart inwoners van Bethelsdorp is deur hierdie uitbreidings ongetwyfeld verhoog. Teen 1942 was die getal erwe en verhuurde meentpersele soos volg versprei:[54]

| Plek | Getal erwe | Getal verhuurde meentpersele |
|---|---|---|
| Bethelsdorp | 172 (38,7%) | 9 (10,3%) |
| Kleinskool | 96 (21,6%) | 20 (22,7%) |
| Missionvale | 38 (8,6%) | 3 (3,4%) |
| Veeplaas | 138 (31,1%) | 56 (63,6%) |

43 Na eindelose ondersoeke deur en debattering tussen verskeie regeringsdepartemente en sowel die stadsraad as afdelingsraad van Port Elizabeth is die hele nedersetting in Mei 1945 as 'n 'plaaslike gebied' onder jurisdiksie van die Afdelingsraad geplaas.

44 Kyk reeds genoemde sensusverslae (voetnoot 29 hierbo).

45 Berigte hieroor het gereeld in *The Congregationalist* verskyn.

46 Kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad: "General Plan SB 28: Plan of the Resurveyed Vacant Lots at Bethelsdorp..."

47 *The year book of the Congregational Union of South Africa, 1946*, p.22.

48 KAB, 3/BTP 1/1/1: Board Minutes, 11.8.1924 en 8.9.1924.

49 *Ibid.*, 26.8.1929.

50 Kantoor van die Landmeter-generaal, Kaapstad: "General Plan 37α" (Bethelsdorp-uitbreiding 1), "General Plan 23oz" (Kleinskool-uitbreiding 2), "General Plan 39α" (Veeplaas-uitbreiding 3).

51 *Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika*, 23.3.1934, pp.583-585.

52 *Eastern Province Herald*, 1.2.1934 en 2.2.1934.

53 KAB, 3/BTP 2/1/3 Correspondence Files, No. 18/4/6 en 3 BTP 2/1/4 Correspondence Files, No. 18/4/6 (sluit heelwat korrespondensie in oor hierdie erweverkoping).

54 KA, 3/BTP 2/1/1 Correspondence Files, No. 18/1/1: Native Commissioner P.E. — Chief Native Commissioner, 28.10.1942, Annexure.

Hieruit blyk dit dat sedert die einde van die 19de eeu, toe die aanvanklike gronduitreikings gefinaliseer was, die getal erwe met 145 (48,5%) toegeneem het. In vergelyking met die vyf meentpersele van 1907 verteenwoordig dit 'n styging van 1 660%. Sonder statistiek oor die getal mense wat onderskeidelik op die erwe en meentpersele gewoon het, kan die omvang van grondbesit en grondbesetting nie noukeurig bepaal word nie. Uit beskikbare gegewens blyk dit dat die totale bevolking van die Bethelsdorp-nedersetting tussen 1904 (961) en 1942 (5 770) met 4 809 of 500% toegeneem het. Oënskynlik het die tempo waarteen grondeienaarskap geskep is algeheel by die snelheid van die bevolkingsgroei agtergeraak. Die tempo waarteen meentpersele beskikbaar gestel is, het daarenteen blykbaar in groter mate met die bevolkingstoename tred gehou. Dit beteken dus dat die beweerde voordele van grondbesit, naamlik die moontlikheid vir die "more enterprising to rise out of the dead-level of mediocrity" (aldus die idealistiese verwagtinge van die LSG-kommissie in 1868) tog nie tot volle verwerkliking in Bethelsdorp kon kom nie. Na 65 jaar van private grondbesit was daar steeds grondbesetters wie se posisie nie wesenlik anders as die "tenants on sufferance" van vroeër was nie.

Alhoewel die regte van grondbesitters nie altyd vasgestel kan word nie, is dit uit voorafgaande duidelik dat sosiale stratifikasie 'n onmiskenbare werklikheid in hierdie gemeenskap was. Terwyl erfeienaars bepaalde regte geniet het, het ook die huurders van erwe (nie meentpersele nie) in sommige opsigte dieselfde regte gedeel. Die besetters van meentpersele het egter meestal slegs beperkte toegang tot die meent gehad. Gevolglik het die onderskeie groepe se beheer oor grond as produksiemiddel gewissel. Diegene wat die reg gehad het om die soutpan te bewerk, vee op die meent te laat wei, hout te kap en aalwynsap in te samel kon die onmiddellike moontlikhede van 'n kontantinkomste benut. In 'n omgewing waar die beoefening van tuin- en akkerbou uiters moeilik was, het hierdie regte dikwels die verskil beteken tussen 'n vorm van finansiële selfstandigheid en die dwang van loonarbeid. Te midde van ongunstige topografiese en wisselende klimatologiese omstandighede kon weinig Bethelsdorpers, selfs grondbesitters, egter aan laasgenoemde alternatief ontsnap.

## VERVREEMDING

Formele grondbesit impliseer die vanselfsprekende reg tot die vervreemding daarvan. Met die genoemde besoek van die LSG-kommissie aan Bethelsdorp in Oktober 1868 het juis dié kwessie ook ter sprake gekom. Die reg van toekomstige erfeienaars om hul grond te behou ten spyte van moontlike druk van skuldeisers of grondspekulante, was een van die oorwegings waarom die beoogde nuwe bedeling toe verwerp is. As deel van die voorwaardes waaronder die kommissie wel bereid sou wees om private grondbesit te aanvaar, was die eis dat erwe slegs na 30 jaar met regeringsgoedkeuring vervreem mog word.[55] Daarteenoor het artikel 5 van Wet 12 van 1873 bepaal dat geen grond binne tien jaar na die inwerkingtreding van die wet sonder die magtiging van die goewerneur vervreem mag word nie. Deur die opeising van hulle grondbriewe moes die Bethelsdorpers dus met 'n aansienlike verskraling van hul oorspronklike voorwaardes genoeë neem.

Alhoewel geen sistematiese opname van die grondoordragte gemaak is nie, is dit duidelik dat vervreemding aan die begin van die 1890's inderdaad aan die gang was. In talle gevalle was die kopers Blankes, sodat die vrese van die Bethelsdorpers van 30 jaar tevore moontlik reeds deels bewaarheid is.[56] Gedurende 1892 het die Raad van Opsieners alle erfverkopers daaraan herinner dat hulle al hul regte op die meent verbeur het.[57] Dit het meegebring dat hulle op geen wyse finansiële voordeel uit die benutting van die meent getrek het deur die verkoop van brandhout en aalwynsap of die bewerking van die soutpan nie. Daarmee het 'n proletariseringsproses vir 'n deel van die inwoners begin.

Grondvervreemding het egter ook 'n ander kant gehad. In sy getuienis voor die gekose parlementêre komitee van 1872 het J.C. Chase (voorheen magistraat van Uitenhage en eienaar van Cradocks Town, buurplaas van Bethelsdorp) beweer dat baie Bethelsdorpers hul erwe selfs vir brandewyn sou verkoop of verruil.[58] So 'n uitspraak is egter eensydig en onbillik want op grond van 'n steekproef in die waardasielyste vir 1899 en 1907[59] tree beslis 'n ander beeld na vore. Daaruit is dit duidelik dat ná 30 jaar nog 48,6% (51) van die oorspronklike eienaars of families (boedels) van 1879 hulle dorpserwe behou het, terwyl die syfer vir die tuinerwe 37,3% (41) was. Van die 94 persone of boedels aan wie in 1879 sowel 'n dorps- as 'n tuinerf toegewys is, het 35% (33) na 30 jaar nog albei besit. Na aanleiding van die reeds genoemde eise om erwe deur jongmans het daar by 'n groep Bethelsdorpers met verloop van tyd 'n besliste bewussyn van die betekenis van grondbesit ontwikkel — iets wat ook deur die steekproefopname bevestig word.

## SAMEVATTENDE OPMERKINGS

Behalwe die inwoners van Hankey en Kruisfontein, was die Khoikhoi op die ander LSG-sendingstasies in die Kaapkolonie teen die middel van die 19de eeu nog steeds nie wetlike private besitters van die grond nie. Juridiese gelykberegtiging sedert 1828 het dus in dié opsig nie sosiaal-ekonomiese selfstandigheid meegebring nie. Weliswaar was Ordonnansie 50 onregstreeks 'n faktor toe die debat oor die omvorming van die LSG se sendingstasies in die Kolonie eers op dreef gekom het.

Die instelling van private grondbesit, ook in Bethelsdorp, sedert die laat-1870's het nogtans geen kitsoplossing gebied nie. Alhoewel erwe aanvanklik kosteloos toegeken is, het faktore soos die persoonlike beslissing van die sendelinge oor grondaansprake, die beperkte getal beskikbare erwe en bevolkingsaanwas sekere inwoners daarvan uitgesluit. Voor die einde van die 19de eeu was dit dus reeds duidelik dat alle grondbesetters nie grondbesitters kon word nie.

Uitbreiding van die moontlikhede vir private grondbesit gedurende die 1930's het die eksklusiwiteit van hierdie proses slegs verder beklemtoon. Die geldelike vermoë om 'n erf te koop, was toe 'n grondliggende vereiste om tot die grondbesittersklas toe te tree. Die alternatief was 'n huurdersbestaan op die meent wat nie vir eie finansiële gewin benut mog word nie. Sulke huurders was dus meestal op loonarbeid aangewese.

Ná aanvanklike weerstand teen die beoogde stelsel van private grondbesit het dit tog onder die Bethelsdorpers inslag gevind. Daar is aanduidings dat talle inwoners oor etlike jare heen selfs hul erwe behou het. Maar vrywillige of gedwonge vervreemding het inderdaad ook voorgekom.

As 'n Westerse instelling was die skepping van grondbesit in Bethelsdorp dus ongetwyfeld instrumenteel in die sosiaal-ekonomiese omvormingsproses wat ook hierdie eertydse herdersgemeenskap gedurende die 19de eeu ervaar het. ■

[55] A.4-1872, pp.29-30, asook Appendix D (pp.iv-vi).
[56] Verwysings daarna verskyn in KAB, 3/BTP 1/1: Council Minutes, 10.11.1891, 16.11.1891, 4.4.1892, 28.5.1892 en 21.9.1892.
[57] *Ibid.*, 23.5.1892.
[58] A.4-1872, paragraaf 301; vergelyk ook paragraaf 300.
[59] KAB, 4/PEZ 7/1/1/11 en 7/1/1/14.